*Journal for Language Teaching* 57(2) 2023, 23 pages
https://doi.org/10.56285/jltVol57iss2a6207

# Aanbevelings vir die keuring en voorskrif van gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal

**Elize Vos**
Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: elize.vos@nwu.ac.za

**Duncan Ruiters**
Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: duncan.ruiters@nwu.ac.za

## OPSOMMING

Poësie-onderrig is belangrik vir taalaanleer, asook vir die ontwikkeling van leerders se emosionele intelligensie, verbeelding en verdraagsaamheid jeens diversiteit. Wanneer gedigte in ŉ nuwe tydsgees voorgeskryf word, sonder om gepaste kriteria en die mening van gesaghebbendes in ag te neem, word meer skade as goed aangerig. Onlangs het uiteenlopende menings oor die nuutvoorgeskrewe gedigte van graad 12-Afrikaans Huistaal weer die soeklig op die kriteria vir die keuse van voorgeskrewe gedigte geplaas (Steyn, 2023: 8). Die keuringsproses behoort kriteria rakende die diversiteit van Afrikaans, die leefwêreld van die graad 12-leerder, en riglyne van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV), Afrikaans Huistaal, Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (VOO) in te sluit (Departement van Basiese Onderwys [DBO], 2011). Ons bepleit egter selfgerigtheid van taalonderwysers in die keuringsproses, aangesien hulle die rolspelers is wat die leerders die beste ken. Hierdie oorsigartikel word vanuit die interpretivistiese navorsingsparadigma geskryf en is kwalitatief van aard, aangesien data by wyse van verskillende kwalitatiewe insamelingsmetodes verkry is. Ter aansluiting by die literatuurondersoek is ŉ dokumentontleding van die KABV (Afrikaans Huistaal, VOO-fase) én ŉ opsommende teksontleding van die jongste voorgeskrewe gedigte onderneem. Die data word narratief ontleed. Die primêre doel is om werkswyses voor te stel aan belanghebbendes (keurpanele, Afrikaans Huistaalonderwysers, voorgraadse onderwysstudente en kurrikulum-beplanners) om gepaste gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaalleerders op ŉ selfgerigte wyse as voorgeskrewe tekste te keur.

**Trefwoorde**: Afrikaans Huistaal, gedigte, graad 12-leerders, kriteria vir voorgeskrewe tekste, selfgerigtheid.

**VERWYSING**
Vos, E. & Ruiters, D. 2023. Aanbevelings vir die keuring en voorskrif van gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal. *Tydskrif vir Taalonderrig* 57(2): Artikel 6207.

eISSN: 2958-9320
© Copyright belongs to the authors under the Creative Commons License CC BY-NC-ND 4.0

# 1. Inleiding en kontekstualisering

In die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Afrikaans Huistaal in die VOO-fase word gestipuleer dat taal "'n instrument vir denke en kommunikasie" is. Daarom bemagtig doeltreffende en verrykende taalgebruik leerders om kennis in te win en om onderlinge verhoudings met mekaar te kan aanknoop. Op huistaalvlak moet leerders dus basiese interpersoonlike kommunikasie- sowel as kognitiewe akademiese vaardighede bemeester. Voorts is dit op huistaalvlak belangrik dat die estetiese, literêre en verbeeldingryke taalbevoegdhede van leerders in só 'n mate ontwikkel is dat hulle daarmee hul leefwêrelde kan verander, die veranderde leefwêrelde kan verstaan en dat hulle hul verbeeldings kan inspan (DBO, 2011: 8). Taal is 'n sosiale konstruk en volgens Carstens (2017: 23) een van die magtigste instrumente wat die mens tot sy beskikking het. Hieruit kan afgelei word dat taalvariëteite in ag geneem moet word om Afrikaans sodoende toegankliker vir al die sprekers daarvan te maak.

Wanneer op een van die vier taalvaardighede, naamlik *lees en kyk*, gefokus word, toon die KABV duidelik aan dat leerders aan 'n wye verskeidenheid literêre en nieliterêre tekste (ook visuele tekste) blootgestel moet word. Sodoende word leerders bemagtig om verbande te kan lê tussen genre, register, die doel, teikengroep en konteks van tekste (DBO, 2011: 10). Binne die *lees- en kykvaardighede* ressorteer letterkundeonderrig waarvan die waarde nooit onderskat mag word nie. Letterkunde speel 'n belangrike rol in 'n volk se bestaan (Le Cordeur & Schultz, 2019: 548) en volgens Collie en Slater (1990: 145) is taalverryking een van die hoofredes vir die gebruik van letterkunde in die klaskamer. Volgens Rothman (2016: 40) het letterkundestudie ten eerste die doel om leerders aan verskillende kulture en outentieke taalgebruik (verskillende variëteite) bloot te stel. Voorts beklemtoon hierdie outeur ook die estetiese waarde wat letterkundeonderrig vir leerders inhou. Luther (2018), Vos en Van Oort (2022) en Van Oort (2022) is van mening dat leerders wat gereeld aan literêre tekste blootgestel word taalvaardiger is, beter lesers en skrywers is en akademies beter presteer as leerders wat min tot glad nie lees nie.

Collie en Slater (1990) is van mening dat letterkunde doeltreffend in die Afrikaansklas gebruik kan word as 'n metode vir taalaanleer en bied 'n taalmodel vir diegene wat dit leer en hoor. Hiermee bedoel hulle dat die gebruik van letterkundige tekste die aanleer van nuwe woorde bevorder, terwyl sintaksis, die korrekte sinstrukture, skryf- en leesvaardighede en standaardstoriestrukture ook bemeester kan word. Voorts is Collie en Slater (1990) van mening dat letterkunde 'n bydrae kan lewer tot die emosionele ontwikkeling van die leerder. Hulle voer aan dat empatie, verdraagsaamheid vir diversiteit, verbeelding en emosionele intelligensie deur middel van letterkunde aangekweek word by leerders.


eISSN: 2958-9320
https://www.journals.ac.za/jlt

Die voorbereiding sowel as die onderrig van letterkunde (vir hierdie artikel meer spesifiek poësie) is nie altyd maklik vir taalonderwysers nie. Een van die redes wat vir hierdie toedrag van sake aangevoer word, is dat taalonderwysers soms te maklik op kommersiële hulpbronne, soos aanlyn onderwysersgidse en skyfiereekse, staatmaak (Vos & Van Oort, 2022) en volgens Petersen (2018: 1123) raak hulle selfgerigtheid en eienaarskap van leer verlore.

Volgens Pedro en Van der Merwe (2020: 447) word leerders vandag in ŉ vinnig-veranderende digitale omgewing groot en word na hierdie 21ste-eeuse leerders as "digitale boorlinge" verwys. Vos (2014: 226) het bevind dat die gemiddelde hedendaagse leerder iemand is wat vyf uur of meer per dag aan een of ander skerm blootgestel word met alle denkbare inligting met die druk van ŉ knoppie binne sy/haar bereik. Boonop bevind hierdie 21ste-eeuse leerders hulself in ŉ nuwe tydsgees waar hulle volgens McGlynn (2005: 15) verkies om hul eie tempo en voorwaardes vir leer te stel. Daarom is dit te verstane dat die KABV (DBO, 2011: 10) benadruk dat leerders niks geleer het wanneer hul nie self ŉ gedig verstaan nie.

Drie literêre genres word vir graad 12-Afrikaans Huistaal voorgeskryf, naamlik ŉ roman, ŉ drama en poësie (DBO, 2011: 14). ŉ Paneel keurders van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) keur twaalf gedigte vir hierdie leerders goed. Vir taalonderwysers bly hierdie paneel ŉ onbekende en gesiglose paneel waarby hulle geen insae het nie. Hierdie voorgeskrewe lys gedigte verander gewoonlik vierjaarliks. Aan die begin van 2023 is afgeskop met ŉ nuutvoorgeskrewe lys gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal waaroor tans verskillende menings gehandhaaf word.

## 2. Probleemstelling

Steyn (2023: 8) het kenners se menings oor die nuutvoorgestelde lys gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal in die Sondagrapport van 22 Januarie 2023 getoets. Uit talle oorde is hierdie lys gedigte as nie verteenwoordigend genoeg beskou nie. Prof Hein Willemse, ŉ afgetrede letterkundige, het gevoel dat werke van DJ Opperman en Antjie Krog immers ŉ staanplek op die lys verdien. So voel prof Michael le Cordeur en Nathan Trantraal dat jonger digters, veral ook die wat in Kaapse Afrikaans dig, se gedigte by die lys voorgeskrewe gedigte gevoeg moes word. Volgens die letterkundige, prof Andries Visagie, word kontensieuse kwessies doelbewus vermy. Visagie en Trantraal meen dat die nuwe lys gedigte temas rakende sosiale uitdagings, waarmee die moderne leerder kan identifiseer, moes insluit. Slegs twaalf gedigte kan ook nie verteenwoordigend van ŉ hele spraakgemeenskap wees nie. Willemse meen dit is belangrik dat die keurproses van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ten eerste beoordeel moet word voordat die gedigte en digters as sodanig beoordeel word. In hierdie meningspeiling is onderwysers ook genader vir hulle menings oor die geskiktheid van die gedigte. Aangesien die vorige voorgeskrewe lys gedigte vanaf 2017 in gebruik was (ses jaar in plaas van die

voorgestelde vierjaarlikse verandering), voel die meeste onderwysers dat dit tyd was vir vernuwing. Hulle voel die bruin digters se werke op die lys is ŉ positiewe toevoeging, aangesien daar heelwat bruin leerders is wat Afrikaans Huistaal as vak neem. Hierdie onderwysers meen dat daar ŉ goeie balans is tussen oud en nuut en dat sekere gedigte steeds ŉ uitdaging aan leerders sal stel en hulle wêrelde sal verbreed.

Met hierdie agtergrondkennis in pag (vergelyk inleiding en kontekstualisering), blyk dit dat die keuringsproses van voorgeskrewe gedigte, met die vele faktore wat in ag geneem behoort te word, steeds ŉ groot dilemma bly. Koen (2023) vra tereg of daar ŉ "resep" moet wees waarvolgens gedigte, kortverhale en romans vir leerders voorgeskryf word, want volgens hom bly die literêre waarde van die teks die belangrikste aspek om in gedagte te hou by die keuse van voorgeskrewe werke. Bowendien blyk poësie as genre nie gewild te wees by leerders asook voornemende Afrikaansonderwysers nie.

Wanneer gedigte deur ŉ paneel goedgekeur en voorgeskryf word, behoort die riglyne (beginsels, riglyne vir lees en kyk en onderrigbenadering vir letterkunde) in die KABV (DBO, 2011) van kardinale belang te wees; eweneens behoort die variëteite van Afrikaans ook binne ŉ nuwe tydsgees in hierdie proses in heroorweging gebring te word. Die leefwêreld van die hedendaagse 21ste-eeuse leerders, of te wel die digitale boorlinge, moet in ag geneem word wanneer gedigte vir hulle voorgeskryf word. Die gediginhoude moet werklik verteenwoordigend van die sogenaamde nuwe tydsgees kan wees. Taalonderwysers behoort hulle selfgerigtheid en eienaarskap van leer terug te eis in die beste belang van hulle leerders. Moontlik kan aangestelde keurpanele die menings van ervare Afrikaans Huistaalonderwysers verkry ten opsigte van die kriteria vir die keuring en voorskrif van gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal.

## 3. Navorsingsvrae en -doelwitte

Uit die voorafgaande probleemstelling is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- Watter kriteria kan gebruik word om vas te stel of die nuutvoorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaanse leerders is?
- Watter beginsels, voorskrifte en onderrigbenaderings kan volgens die KABV (VOO) as rigtinggewend en gesaghebbend beskou word by die keuring van voorgeskrewe gedigte vir graad 12 Afrikaans Huistaal?
- Watter voorstelle kan aan ŉ keurpaneel (of Afrikaans Huistaalonderwysers en voorgraadse onderwysstudente en kurrikulumbeplanners) gemaak word vir die selfgerigte keuringsproses van voorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal?

Die navorsingsdoelwitte van die artikel is om

- kriteria te kan identifiseer waarvolgens bepaal kan word of die nuutvoorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaanse leerders is;
- beginsels, voorskrifte en onderrigbenaderings in die KABV (VOO) te identifiseer wat as rigtinggewend en gesaghebbend beskou kan word by die keuring van voorgeskrewe gedigte vir graad 12 Afrikaans Huistaal;
- voorstelle aan ŉ keurpaneel (of Afrikaans Huistaalonderwysers en voorgraadse onderwysstudente en kurrikulumbeplanners) te maak vir die selfgerigte keuringsproses van voorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal.

## 4. Metodologiese verantwoording

Hierdie artikel is vanuit die interpretivistiese navorsingsparadigma uitgevoer, aangesien die KABV (DBO, 2011) ontleed is met die doel om die nuutvoorgeskrewe lys gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal te meet aan die beginsels wat in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nagestreef moet word. Voorts is die lees- en kykvaardighede, maar ook die voorgestelde onderrigbenaderings vir letterkunde, ondersoek. Nieuwenhuis (2007: 60) en Joubert, Hartell en Lombard (2015: 9-10) noem dat die interpretivistiese navorsingsparadigma ideaal is vir navorsers om ŉ bepaalde situasie binne die werklikheid te interpreteer en insig daarin te verkry. Die werklikheid van die graad 12-Afrikaans Huistaalklaskamer, en spesifiek die keuse van voorgeskrewe gedigte, word in hierdie artikel onder die vergrootglas geplaas.

Verder is die artikel kwalitatief van aard, aangesien data by wyse van verskillende kwalitatiewe insamelingsmetodes verkry is. Ten eerste is ŉ uitgebreide literatuurondersoek geloods na die beoordeling van die huidige keurproses, die diversiteit van Afrikaans vir ŉ nuwe tydsgees, die leefwêreld van die graad 12-leerder, asook die selfgerigtheid van onderwysers en leerders. Ter aansluiting by die literatuurondersoek is ŉ dokumentontleding van die KABV, graad 12-Afrikaans Huistaal, VOO-fase (DBO, 2011) én ŉ opsommende teksontleding van die nuutste lys van voorgeskrewe gedigte onderneem; hierdie kristalliseringsmetode verseker die geloofwaardigheid van die data. Uit die data wat vanuit die literatuurondersoek en die dokumentontleding gegenereer is, is gevolgtrekkings gemaak of die lys nuutvoorgeskrewe gedigte wel verteenwoordigend van die nuwe tydsgees is. Alhoewel die bedoelde leser van hierdie artikel die aangestelde DBO-keurpaneel is, is die artikel ook waardevol vir Afrikaans Huistaalonderwysers, voorgraadse onderwysstudente en kurrikulumbeplanners, aangesien die primêre doel van die artikel is om voorstelle te maak oor hoe moontlik in die toekoms te werk gegaan kan word om gepaste gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaalleerders op ŉ selfgerigte wyse te keur as voorgeskrewe tekste.

Hierdie artikel vorm deel van ŉ goedgekeurde Selfgerigte Leer-projek waarvoor etiese goedkeuring verkry is. Die titel van die projek is: *Selfgerigtheid ten opsigte van literêre en nieliterêre tekste*.

# 5. Literatuurondersoek

Die hieropvolgende literatuurondersoek spreek die volgende kwessies aan: die beoordeling van die huidige keurproses, die diversiteit van Afrikaans vir ŉ nuwe tydsgees, die leefwêreld van die graad 12-leerders, asook selfgerigtheid van onderwysers en leerders.

## Beoordeling van die huidige keurproses

Volgens Viljoen (2023), ŉ NB Uitgewers-streeksverkoopbestuurder vir skole in Gauteng, Mpumalanga, Noordwes, KwaZulu-Natal en Limpopo, word gedigte gekies uit ŉ voorgeskrewe versbundel. Hierdie versbundel word vir ŉ tydperk voorgeskryf op grond van ŉ kontraktuele verbintenis tussen die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en die uitgewersmaatskappye. Die huidige KABV-geakkrediteerde versbundel vir graad 12-Afrikaans Huistaal is *Verse in my inboks* (Scholtz & Vorster, 2015) en is reeds in 2015 goedgekeur. Destyds moes bundels aan sekere kriteria voldoen, onder andere dat 'n verskeidenheid van klassieke en kontemporêre gedigte daarin opgeneem moes word. Die keurpaneel moes daarom twaalf gedigte vanuit hierdie versbundel kies en in 2022 weer twaalf nuwe gedigte. Dit is dus nie moontlik om enige gedigte wat ná 2015 verskyn het voor te skryf nie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat kontrakte met uitgewers ŉ wyer keuse van voorgeskrewe gedigte moontlik kelder en dat hierdie praktyk leerders verhoed om aan die ryke poësieskat van Afrikaans blootgestel te word.

Boonop word hierdie versbundel vergesel van ŉ onderwysersgids *Vlymskerp sukses met Verse in my inboks* (Vermaak & Nel, 2016) wat ŉ opsomming van elke gedig, uitgebreide aantekeninge, moontlike eksamenvrae en modelantwoorde aan onderwysers verskaf. Die gevaar verbonde aan hierdie praktyk is dat leerders ongelukkig ook maklike toegang tot hierdie onderwysersgidse verkry. Vos en Van Oort (2022) waarsku juis teen die gebruik van beskikbare onderwysersgidse, aangesien dit onderwysers van hul selfgerigte voorbereiding en fasilitering en leerders van hul selfgerigte interpretasie van die voorgeskrewe gedigte ontneem.

Amardien (2023) is van mening dat leerders sukkel om voorgeskrewe poësie te begryp, moontlik vanweë verouderde inhoud. Hierdie toedrag van sake gee volgens hom aanleiding tot leerders se swakker akademiese prestasie in Afrikaans. Volgens Amardien behoort die huidige keuringsproses in heroorweging gebring te word op grond van die volgende aspekte:

- Sosiohistoriese konteks: die tersaaklikheid van die voorgeskrewe gedigte moet in heroënskou geneem word, want tye het verander en lesse wat belangrik was vir die keurpaneel wat gedigte voorskryf, is nie noodwendig toepaslik vir die nuwe generasie leerders nie.
- Inklusiwiteit: die voorgeskrewe gedigte weerspieël nie alle leerders se sosiale konteks nie.
- Voorskriftelikheid van die KABV: Taalonderwysers word nie die ruimte gegee om self te besluit watter gedigte tersaaklik vir leerders sal wees nie; dit terwyl die onderwysers die leerders die beste ken.
- Taalvariëteite: Leerders gebruik verskillende taalvariëteite en moet daarom baie tyd spandeer om ŉ gedig, wat in Standaardafrikaans geskryf is, te verstaan. Dit lei tot die oorontleding van gedigte en heelwat van hierdie inhoud word dan nie eers in eksamens geassesseer nie.

Alhoewel Koen (2023) nie ŉ voorstander is van resepmatigheid wanneer nuwe gedigte vir ŉ voorgeskrewe lys oorweeg word nie, hef hy nogtans die literêre waarde van gedigte as ŉ belangrike kriterium vir voorgeskrewe gedigte uit. Hy brei hierop uit en noem dat ŉ goeie balans tussen manlike en vroulike digters moet bestaan en gekanoniseerde digters behoort ook saam met jonger digters ingesluit te word. Taalvariëteite behoort in ag geneem te word om alle Afrikaanssprekendes te akkommodeer, maar ook om ŉ bewussyn by leerders van verskillende variëteite te skep. Voorts behoort gedigte tematies by die leefwêreld van leerders in te skakel en behoort daar ŉ balans te wees tussen uitdagende en toegankliker gedigte om vir alle intelligensietipes voorsiening te maak.

## Die diversiteit van Afrikaans vir ŉ nuwe tydsgees

Van Rensburg (2012: 17) noem dat Nederlandse skepe teen die einde van die 1500's die Kaapse kus aangedoen het. Conradie en Groenewald (2017: 36-52) toon aan dat etlike Khoi-Khoinstamme reeds voor hierdie tyd die grootste dele van die huidige Noord-, Wes- en Oos-Kaap (Wes van die Keirivier) bewoon het. Hierdie Khoi-Khoinstamme was hoofsaaklik nomadiese veeboere wat onder verskillende leiers seisoenaal agter geskikte weiding aangetrek het. Voorts was daar ook nomadiese San- en Boesmangroepe wat in die droë binneland oorleef het op wild en veldkos. In 1652 word ŉ maritieme verversingspos in die Tafelvallei deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (destyds Vereenigde Oostindische Compagnie, algemeen afgekort as VOC) gestig. Van Rensburg (2012: 16, 19) verduidelik dat ŉ klein groepie koloniste aan die Kaapse kus saam met Jan Riebeeck aangedoen het. Teen die 1660's was daar in Tafelbaai-omgewing ŉ paar Europeërs en slawe vanuit Afrika wat in kontak was met ŉ groter (maar) onbekende aantal Khoi-Khoin. Dit is hier waar ons die eerste Afrikaans kry nadat die Kaapse nedersetting begin is.

Met Afrikaans se diversiteit in oënskou, word Afrikaans verdeel in drie historiese variëteite, naamlik Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans. Kaaps of Kaapse Afrikaans word beskou as een van die oudste variëteite van Afrikaans (Blignaut & Lesch, 2014: 19). Die term *Kaaps* suggereer dat Kaapse Afrikaans sy beslag in Kaapstad en omgewing gekry het (Hendricks, 2016: 2). Kaapse Afrikaans kan sodanig as ŉ kleurvariëteit van Afrikaans bestempel word en kan onderskei word van ander kleurvariëteite van Afrikaans soos Griekwa-Afrikaans, Namakwalands, Boesmanlandse Afrikaans, Richterveld-Afrikaans, die taal van Rehobothers, die Riemvasmakers en Swartafrikaans. Hierteenoor kan *Oranjerivierafrikaans* omskryf word as ŉ dialek wat in die 17de eeu aan die Kaap ontstaan het uit die Khoi se pogings om Nederlands te praat (Hendricks, 2012: 46), en wat sedert die begin van die 18de eeu versprei het na onder meer die gebied noord en suid van die Oranjerivier en Kokstad. Verhoef (1988: 111) is van mening dat Oranjerivierafrikaans ŉ groot invloed het op die gesproke Afrikaans regdeur Suid-Afrika, en volgens Van Rensburg (1989: 454) het Oranjerivierafrikaans deurgedring tot op die vlak van Standaardafrikaans. Standaardafrikaans is geskoei op die Oosgrens-variëteit van Afrikaans (Van Rensburg, 1984: 554). Oosgrensafrikaans word hoofsaaklik in die volgende gebiede gebesig: Gauteng, die Vrystaat, Oos-Kaap, die Kaapse binneland en die Karoo. Van Rensburg (1997: 11, 31-32) stel dit duidelik dat die term *standaardtaal* geensins beteken dat dit ŉ meer korrekte of beter vorm van die taal is nie.

Uiteindelik vind Standaardafrikaans neerslag in die Afrikaansklaskamer. Die taal van oordrag, soos weerspieël in die KABV vir Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal, is Standaardafrikaans wat op Oosgrensafrikaans geskoei is. Carstens (2011: 82) en Van Rensburg (1997: 43) omskryf *Standaardafrikaans* as die variëteit van Afrikaans wat vir hoë funksies (formele gesprekke of skryftaal) gebruik word, terwyl ander variëteite tot laer funksies beperk is. Die sogenaamde hoër funksies waarvoor Standaardafrikaans gebruik word, is volgens Van Huyssteen en Pilon (2021: 5) meestal vir onderwys-, regerings- en mediadoeleindes. Met die KABV word in ŉ mate gepoog om sprekers van ander variëteite ook in die Afrikaansklas te akkommodeer. Hier kan veral gesteun word op Afrikaanse letterkunde wat in die Afrikaansklas aangebied word. Voorgeskrewe letterkunde wat geskoei is op die diverse aanslag van Afrikaans is onder andere *Diekie vannie Bo-Kaap* deur Zulfah Otto-Sallies (1997), *Krismis van Map Jacobs* deur Adam Small (1983) en gedigte waarin Kaapse Afrikaans gebesig word ("Ek is oek important" deur Peter Snyders; "Die Here het gaskommel" deur Adam Small; en "Versagtende omstandighede" deur Peter Snyders*).*

In die Afrikaansklas, hetsy met die aanbied van taalstrukture en -konvensies of letterkunde, moet ŉ sensitiewe klimaat vir taaldiversiteit geskep word, juis vanweë Afrikaans se diverse agtergrond. Jonas, die voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (ATR), is van mening dat die Afrikaanse taalgemeenskap die grootste rasseverskeidenheid van al die inheemse tale het. Hy noem tereg: "Ons moet daardie diversiteit vier en ruimtes skep waarin dit kan floreer. Pleks

van mense uit te sluit op grond van hoe hulle met die taal omgaan, moet alle variëteite omarm word" (Afrikaans moet nie vervreem nie, 2020). Die nuutvoorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal behoort daarom aan te sluit by die diverse taalklimaat wat in die Afrikaansklas geskep word. Voorts behoort die voorgeskrewe gedigte ook die leefwêreld van graad 12-leerders te weerspieël. Sodoende sal leerders ŉ positiewe gesindheid teenoor die bestudering van poësie in die Afrikaansklas ontwikkel.

## Die leefwêreld van graad 12-leerders

Volgens die onderrigbenaderings tot letterkunde in die KABV is dit belangrik dat leerders ŉ teks selfgerig kan lees, daarmee kan identifiseer en die teks kan geniet (DBO, 2011: 12). Dit kan alleenlik geskied as voorgeskrewe werke (in hierdie geval gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaalleerders) fokus op die leefwêreld van graad 12-leerders, asook die huidige tydsgees van die samelewing weerspieël. Kingma (2000: 55) is van mening dat postmodernisme aan die orde van die dag is. Volgens hierdie navorser word die individu hedendaags in teenstelling met die samelewing beklemtoon, mensgesentreerde denke is belangriker as religieuse waardes, feite word bo waardes beklemtoon, en daar is ŉ opbloei van wetenskap en tegnologie. Hierdie postmodernistiese denkraamwerk kan toegeskryf word aan geloof wat afgebreek word (daar is nie meer ŉ duidelike skeidslyn tussen reg en verkeerd nie); globalisering neem toe; en daar is verskillende en uiteenlopende sieninge oor moraliteit, die waarheid, opvoeding en kultuur. Die hedendaagse graad 12-leerder word gekonfronteer met ŉ toename in geweld, misdaad, losbandigheid en armoede.

Dit is noodsaaklik dat taalonderwysers in gedagte moet hou dat die graad 12-leerders op verskeie vlakke ontwikkel. Die adolessent se ontwikkelingsvlakke, soos onderskei deur Louw en Louw (2014), is onder andere die biologiese vlak (geslagsrypheid wat kan lei tot trots en vreugde, maar ook tot ŉ gevoel van onsekerheid) en kognitiewe vlak (hulle begin abstrak en logies dink en daarom begin hulle byvoorbeeld bepaalde religieuse begrippe bevraagteken). Daarmee saam noem hul die morele vlak (as gevolg van hulle kognitiewe ontwikkeling, begin adolessente nou redeneer oor vrae rondom reg en verkeerd), emosionele vlak (hulle hou nie daarvan om uitgesonder te word nie en hulle het ŉ groot behoefte aan liefde en goedkeuring) en sosiale vlak (hulle kom in opstand teen gesag en verkies eerder die portuurgroep).

In ŉ studie deur Vos (2017: 271-272) waarin sy op die kriteria vir voorgeskrewe werke (spesifiek prosa) gefokus het, het sy bevind dat die inhoud van ŉ leesteks aktueel behoort te wees. Omstrede en realistiese onderwerpe hoef nie in leestekste vermy te word nie, maar behoort oplossingsgeleenthede vir probleme te bied. Die taalgebruik behoort die algemene omgangstaal van adolessente te weerspieël en voorts behoort die taalgebruik in die teks die woordeskat van die leerders te verryk. Wanneer moontlikhede vir voorgeskrewe gedigte vir

graad 12-Afrikaans Huistaalleerders ondersoek word, behoort hierdie kriteria ook gemaklik op die gebruik van gedigte van toepassing gemaak te kan word.

## Selfgerigtheid van onderwysers en leerders

Knowles (1975: 18-19) definieer *selfgerigte leer* as die vermoë om leerbehoeftes te ontleed; leerdoelwitte te formuleer, hulpbronne te identifiseer, leerstrategieë te kies en toe te pas, asook om leeruitkomste te evalueer en daaroor te besin. Gibbons (2002: 11-12) onderskei belangrike elemente van selfgerigte leer, naamlik dat die leerders (in hierdie geval die taalonderwysers of leerders) soveel as moontlik kontrole oor die leerervaring het, verskillende vaardighede moet ontwikkel, hulself uitdaag om so goed as moontlik te presteer, hulself goed kan bestuur, selfgemotiveerd moet wees en selfassessering moet kan toepas. Voorts bevestig Gibbons (2002: 132) ook dat die onderwyser die sleutelfiguur is in die ontwikkeling van selfgerigtheid by leerders. Alvorens hulle egter selfgerigte leer by hulle leerders kan ontwikkel, moet onderwysers eers sélf selfgerigte bestuur ten opsigte van programontwikkeling, asook voorbereiding en fasilitering van leerinhoude kan toepas. Genoemde betoog sluit aan by Du Toit-Brits (2018: 377) se mening dat selfgerigtheid by onderwysers ŉ noodsaaklike vereiste is.

Wanneer genoemde eienskappe van selfgerigte leer op graad 12-Afrikaans Huistaal-onderwysers van toepassing gemaak word binne die konteks van die keuse van geskikte gedigte, beteken dit dat taalonderwysers hulle eie

- onderrig- en leerbehoeftes moet ontleed;
- onderrig- en leerdoelwitte vir gedigontledings moet formuleer;
- hulpbronne vir onderrig en leer van gedigte moet identifiseer;
- onderrigstrategieë moet kies om onderrig- en leerdoelwitte van gedigte te bereik; en
- onderrig en leer van gedigte moet evalueer en daaroor moet besin.

Daarom behoort onderwysers se voorkeure en afkeure oor moontlike voorgeskrewe gedigte in ag geneem te word; al is dit by wyse van ŉ meningspeiling. Eers wanneer hierdie samewerking tussen taalonderwysers en die Departement van Basiese Onderwys (DBO) kan realiseer, sal onderwysers volgens Vos en Van Oort (2022) met hul eie onderrigervaring en -opleiding, selfgerig tekste kan kies, voorberei en fasiliteer. Wanneer onderwysers eienaarskap van hulle eie onderrig en leer en selfgerigtheid kan neem, sal hulle in staat wees om hul leerders te begelei tot selfgerigte lees. Leerders sal dan met behulp van geskikte leesstrategieë, wat deur die onderwyser gemodelleer is, selfgerig deur tekste (in hierdie geval poësietekste) met begrip kan lees.

# 6. Dokumentontleding van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (graad 12- Afrikaans Huistaal, VOO-fase)

ʼn Dokumentontleding van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring was nodig om te bepaal wat die beginsels; riglyne vir lees en kyk; die voorgestelde onderrigbenaderings; en kenmerke van gedigte is om te bepaal of die nuutvoorgeskrewe lys gedigte aan hierdie kriteria voldoen.

## Beginsels van Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleids-verklaring

Die KABV kan as ʼn waardegedrewe beleidsverklaring bestempel word vanweë die beginsels wat daarin onderskryf word (DBO, 2011: 4-5), naamlik:

- *Sosiale transformasie*: onderwysongelykhede mag nie meer bestaan nie en gelyke onderwysgeleenthede moet vir elke lid van die bevolking moontlik wees;
- *Aktiewe en kritiese leer*: leerders moet aktief by leergeleenthede betrokke wees en moet begelei word om kritiese denkers te wees;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: die minimum standaarde wat in elke graad verwerf behoort te word moet duidelik gespesifiseer word en hoë en bereikbare standaarde moet vir elke vak gestel word;
- *Progressie*: elke graad moet ten opsigte van konteks en inhoud progressie toon van die eenvoudige tot die komplekse;
- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: sensitiwiteit moet gekweek word vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos onder andere armoede, ongelykhede, ras, geslag, taal, ouderdom en gestremdhede;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: erkenning moet verleen word aan die ryk geskiedenis en erfenisse van Suid-Afrika ter ondersteuning van die waardes soos vervat in die Grondwet;
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Suid-Afrikaanse onderwys moet goed vergelyk met internasionale standaarde ten opsigte van kwaliteit, omvang en diepte.

## Lees en kyk

*Lees en kyk*, een van die vier taalvaardighede, is belangrik vir suksesvolle leer oor die kurrikulum heen, maar ook sodat leerders uiteindelik volledige burgers van die samelewing en toegeruste werkers in die werksplek kan wees. Dit is daarom noodsaaklik dat leerders dan aan

ʼn wye verskeidenheid van literêre en nieliterêre tekste blootgestel moet word. Die interpretasie van visuele tekste is eweneens belangrik. Leerders moet in staat wees om te kan herken hoe genre en register die doel, die teikengroep en die konteks van tekste weerspieël. Goeie begrip en die interpretasie van hierdie tekste sal deur die leerders se kennis van taalstrukture en -konvensies en hulle eie lewenservaring bepaal word. Leerders moet tydens die prosesleesbenadering verskeie leesstrategieë kan inspan om ʼn verskeidenheid van tekste (spesifiek ook gedigte) te begryp, te interpreteer en uiteindelik te kan evalueer.

## Onderrigbenaderings

Die onderrigbenaderings wat in die KABV voorgestel word, is die teksgebaseerde, kommunikatiewe, proses-, en geïntegreerde benadering. Voorts word die outeurs- en genrebenadering, asook die resepsie-estetika-benadering (waar die lesersreaksie van kardinale belang is) geïmpliseer (DBO, 2011: 11-12, 26).

Dit is wys om met die genrebenadering te begin wanneer poësie onderrig word. Met hierdie benadering kan die taalonderwyser die verskillende literêre genres beklemtoon en aantoon op welke wyse hierdie genres van mekaar verskil, onder andere die verskil tussen ʼn gedig en ʼn kortverhaal. Tydens die ontleding van ʼn gedig behoort die leerders twee vrae te vra: Wat word gesê? Hoe weet ek dit? Om hierdie vrae te beantwoord, kan die volgende in die gedig ondersoek word:

- figuurlike taalgebruik;
- hoe sinne, versreëls en die gedig ʼn eenheid vorm;
- ritme, tempo en klank; asook
- die emotiewe belewenis wat die leerder met die lees van die gedig ervaar.

Met ʼn teksgebaseerde benadering word veronderstel dat enige les rondom ʼn teks gesentreer sal wees (in hierdie geval die gedig). Leerders moet die gedig vrymoedig kan lees om begrip te toon ten opsigte van die inhoud. Voorts veronderstel die teksgebaseerde benadering dat leerders ook oor die vrymoedigheid sal beskik om uiteindelik hulle eie gedigte te kan skryf.

Die kommunikatiewe benadering sal leerders in staat stel om met behulp van die gedig as teks blootstelling aan die teikentaal, naamlik Standaardafrikaans en die verskillende variëteite daarvan, te kry. Die kommunikatiewe benadering impliseer die resepsie-estetika-benadering soos voorgestel in die kommunikasiemodel van Roman Jakobson (1960: 350-377) waarin beklemtoon word dat die skrywer/sender (in hierdie geval die digter) van die teks (die gedig) en die leser (ontvanger) interafhanklik van mekaar is.

Die taalonderwysers kan met behulp van die prosesbenadering die gediginhoud vir leerders oopbreek. Tydens die preleesfase kan leerders se woordeskat getoets en uitgebrei word, hul agtergrondkennis kan geaktiveer word en kan hul meer oor die digter en die tyd waarbinne die

gedig geskryf is (outeursbenadering), te wete kom. In hierdie fase kan bepaalde voorspellings gemaak word. Tydens die leesfase kan die gediginhoud ten opsigte van poëtiese aspekte ontleed word, sonder om die gedig te oorontleed. Tydens hierdie fase is dit belangrik dat die taalonderwyser ook die eerlike en persoonlike interpretasies van leerders in ag neem binne konteks van die gedig. Tydens die postleesfase moet graad 12-leerders begelei word om hul persoonlike menings op vertolkende, evaluerende en weldeurdagte wyse op kontekstuele vrae of ŉ literêre opstel te verwoord. Die verskillende kognitiewe vlakke moet in berekening gebring word wanneer leerders oor die gediginhoud geassesseer word. Dit is egter eers wanneer leerders hulle waardeoordele en kritiese menings oor die gediginhoud kan vorm, dat die gedig ŉ impak op leerders gehad het.

Ten laaste veronderstel die geïntegreerde benadering dat geïntegreerde leeraktiwiteite oor die literêre teks saamgestel moet word. Hierdie leeraktiwiteite moet al die taalvaardighede (*lees en kyk, skryf en aanbied, luister en praat* en *taalstrukture en -konvensies*) integreer.

## Moontlike kriteria vir keuring van voorgeskrewe gedigte vir Afrikaans Huistaal

Na aanleiding van die literatuurondersoek en dokumentontleding van die KABV vir Afrikaans Huistaal, VOO-fase, word die volgende kriteria, waarvolgens gedigte moontlik as voorgeskrewe werke gekeur kan word, geïdentifiseer:

- die digter (kanon, wit/bruin, man/vrou);
- digsoorte;
- taal (Standaardafrikaans en ander variëteite);
- gediginhoud;
- die literêre waarde en standaard van die gedigte; asook
- die voldoening van hierdie gedigte aan die leefwêreld van graad 12-leerders (bied die inhoud onderwysgeleenthede vir alle leerders; sal leerders aktief en krities betrokke kan wees tydens die ontleding van gedigte; is daar progressie van leerinhoud deur die afwisseling tussen toeganklike en meer uitdagende gedigte; word erkenning verleen aan menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid; asook erkenning aan inheemse kennissisteme?)

Voorts behoort die gedigte van so ŉ aard te wees dat taalonderwysers dit selfgerig kan voorberei en fasiliteer, maar ook dat die graad 12-Afrikaans Huistaalleerders dit selfgerig kan lees en met behulp van onderrigbenaderings en -strategieë, waarmee hulle deur die taalonderwyser toegerus is, dit kan begryp (ontleed, interpreteer en evalueer).

Vervolgens word ŉ opsommende teksontleding van die nuutvoorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal verskaf.

# 7. Opsommende teksontleding van nuutvoorgeskrewe gedigte

Die outeurs het die nuutvoorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal kortliks volgens die moontlike kriteria vir keuring van voorgeskrewe gedigte vir Afrikaans Huistaal ontleed. Die doel van die teksontledings was om te bepaal of die lys gedigte wel voldoen aan ŉ goeie verteenwoordiging van digters ten opsigte van ouderdom, ras en geslag of die gedigte blootstelling bied aan verskillende soorte gedigte, of daar ŉ afwisseling is tussen Standaardafrikaans en ander variëteite, of die standaard van die gedigte voldoen aan goeie literêre waarde, en of die leerders met die gediginhoud sal kan identifiseer.

**"Suiwer Wiskunde"** deur NP van Wyk is ŉ metafisiese gedig. "Suiwer Wiskunde" is geskryf in Standaardafrikaans met ŉ meer formele aanslag. Aarde, lug en see word in hierdie gedig gebruik om die volle omvang van die relatiwiteit van tyd te verreken. Die vraag word beredeneer of dit moontlik is vir enige lewe om te bestaan as tyd sou stol. Hierdie gedig stel die leerder in staat om selfgerig te lees om te ontdek. Die inhoud van hierdie gedig kan moontlik by leerders ŉ sensitiwiteit skep vir gevoelens/emosies en dat nie-emosionele wiskunde nie voldoende is om alles te verstaan nie.

**"Die bokser"** is een van Ernst van Heerden se sportgedigte. Die gedig is in Standaardafrikaans geskryf – ŉ meer informele styl. Hierdie is ŉ allegoriese gedig met ŉ spannende toon en ŉ hartseer donker stemming. Die tema van weerloosheid word in hierdie gedig ondersteun. Die teks kan die leerder in staat stel om aktief en krities betrokke te wees, aangesien die sportman altyd teenoor ŉ opponent gestel word. Sport simboliseer die lewe en die stryd van die mens. Ongeag hoe sterk die mens is, sal hy uiteindelik voor die dood moet swig. Met die teks word die leerder die geleentheid gebied om ondersoek in te stel na stylfigure, beeldspraak en deurlopende motiewe.

**"elegie vir my toekomstige vrou"** deur André Letoit is ook in Standaardafrikaans, maar met ŉ meer algemene en informele trant. Hierdie gedig verskaf ŉ siniese en satiriese blik op die huwelik (verhoudings). Ironiese kontras word in die titel van die gedig weergegee – ŉ toekomstige vrou behoort van geluk te spreek, maar dit is hier ŉ treursang. Hierdie gedig is van waarde vir die onderrig van poësie en kan leerders bewus maak van die verhoudingsfase omdat dit uitgebeeld word met die nodige poëtiese elemente.

**"Vroue van Vermeer"** deur TT Cloete is in Standaardafrikaans geskryf. Die gedig kan as ŉ beeldgedig geklassifiseer word. Daar word in die gedig verwys na die skilderye van Jan Vermeer, asook die gegraveerde landkaarte van Willem Blaeu (1571 – 1638). Met

hierdie gedig word die afgemetenheid van ons bestaan teenoor die onmeetlike van die heelal weerspieël.

**“27 april 1994”** deur Vincent Oliphant (sy debuutbundel *Bloed vloei in stilte* verskyn in 1981) is wel in Standaardafrikaans, maar met ŉ meer informele styl, geskryf. 27 april 1994 is deur die lens van ŉ bruin spreker van Afrikaans geskryf. Die titel bied die sleutel tot die gediginhoud – Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing. Alhoewel hierdie gedig ŉ politieke aanslag het, kan hierdie inhoud glad nie as omstrede bestempel word nie. Die inhoud is aktueel en tekenend van die huidige tydsgees. Hierdie gedig voldoen aan die volgende beginsels van die KABV: sosiale geregtigheid, menseregte, demokrasie, menswaardigheid, asook erkenning aan inheemse kennissisteme.

**“dienaar van die nagereg”** deur Patrick Petersen bevat leksikale items uit Kaapse Afrikaans. Die ouer-kind-verhouding word in hierdie gedig uitgebeeld. Die teks bied aan die graad 12-leerders die geleentheid om te fokus op taalvaardighede – spesifiek hier die lees en skryf van Kaapse Afrikaans. Met die gedig word ook bewuswording gekweek vir die diversiteit van Afrikaans. Met hierdie gedig word erkenning verleen aan Afrikaans se inklusiewe aard, asook erkenning aan inheemse kennissisteme.

**“Maaltyd”** deur PJ Philander is in Standaardafrikaans met ŉ meer informele styl. Die dood is ŉ prominente motief in sy werk. In hierdie gedig word herinneringe aan die spreker se moeder met ŉ verlangende en mymerende stemming weergegee. Metafore word gebruik om die nostalgiese toon van hierdie gedig voort te sit. Hierdie gedig sluit aan by die beginsel van menswaardigheid, respek en geloof.

**“'n Paternoster vir Suid-Afrika”** deur Lina Spies is in Standaardafrikaans met ŉ informele gebedstrant en word toegespits op die Suid-Afrikaanse plaaskonteks. Die gedig is ŉ voorbeeld van intertekstualiteit omdat dit ŉ parallel is van die Bybelse “Onse Vader”. Suid-Afrikaners van alle kleure word aan Jesus opgedra – dit sluit aan by die KABV-beginsels wat gelykheid, menswaardigheid, respek en diversiteit vir almal uithef.

**“Tsunami**” deur Kobus de Wet is ook in Standaardafrikaans geskryf. Die titel van die gedig gee reeds vir die lesers ŉ aanduiding dat dit oor ŉ natuurramp handel. Met die inhoud van hierdie gedig kan ŉ sensitiwiteit vir die natuur sowel as ŉ omgewingsbewustheid geskep word.

**“Op sy branderplank**” deur Petra Müller is geskryf in Standaardafrikaans. In hierdie gedig word die mens se behoefte om een te word met die natuur uitgebeeld. Die toon van

die gedig is een van opwinding, uitdaging en besinning. Met hierdie gedig word ŉ sensitiwiteit vir natuurbewaring gekweek.

**"Briefie aan Madiba"** deur Sandra O'Kelly is geskryf in Standaardafrikaans met ŉ informele styl. In hierdie gedig word die apartheidsera deur 'n wit vrou se oë verwoord, asook haar bewondering vir die eertydse Suid-Afrikaanse president mnr Nelson Mandela. Hierdie gedig voldoen aan die KABV-beginsels, naamlik sosiale geregtigheid, menseregte, demokrasie, gelykheid en menswaardigheid.

**"Susan Boyle"** deur Kobus Grobler is in Standaardafrikaans geskryf. Die gedig handel oor Susan Boyle wat op 11 April 2011 aan die uitdunronde van die gewilde *Britains Got Talent* deelgeneem en as onwaarskynlike wenner (vanweë haar voorkoms) gekroon is. Die tema van die gedig, dat ons almal dieselfde is en aanvaarding en bewondering najaag, word met die gediginhoud ondersteun.

## 8. Gevolgtrekkings uit die teksontleding van nuut-voorgeskrewe gedigte

Die lys nuutvoorgeskrewe gedigte bevat 'n gebalanseerde hoeveelheid gedigte wat in die drie kategorieë van die poësie pas, naamlik epiese (narratiewe), liriese en dramatiese poësie. Die meeste van die gedigte op die lys is in Standaardafrikaans geskryf. Daar is nie ŉ eweredige verspreiding van Afrikaanse variëteite nie. Selfs die bruin digters se werke bevat tradisionele Afrikaans-gebruik (neig meer na Standaardafrikaans). Oranjerivierafrikaans vind geen neerslag in die nuutvoorgeskrewe lys van gedigte nie. Volgens die KABV-beginsels het sosiale transformasie ten doel dat gelyke onderwysgeleenthede vir leerders moet bestaan. In die nuutvoorgeskrewe lys gedigte word nog nie ten volle ŉ sensitiwiteit gekweek wat betref die inklusiwiteit van Afrikaans nie.

Die meeste digters is ouer, wit mans. Die volgende probleem met hierdie lys is die min bruin digters (slegs drie), asook vrouedigters (slegs drie) wat hierby ingesluit is. Daar is van die gedigte wat van vrouens praat, maar nogtans nie genoeg verteenwoordiging van vrouedigters nie.

Die gediginhoude spreek van ŉ verskeidenheid onderwerpe en die meeste Suid-Afrikaanse leerders behoort aanklank by die temas en gediginhoude te vind, onder andere sport, verhoudings, kuns, en so meer. Ouer digters se gediginhoud is moontlik nog tersaaklik vir hedendaagse leerders se leefwêreld, byvoorbeeld "Die bokser" van Ernst van Heerden, terwyl ŉ nuwer digter se gediginhoud moontlik nie tot alle Suid-Afrikaanse leerders se leefwêreld sal spreek nie, byvoorbeeld "Susan Boyle" deur Kobus Grobler. "Susan Boyle" voldoen wel aan

sommige van die kriteria, maar sluit nie werklik by die verwysingsraamwerk van die gemiddelde Suid-Afrikaanse leerder aan nie. Alhoewel met hierdie gedig gepoog word om leerders te akkommodeer wat betref die toeganklikheid van die gedig, is dit waarskynlik nie heeltemal geskik vir graad 12-Huistaalvlak nie. Dit moet egter genoem word dat van die gedigte (soos "Die bokser" deur Ernst van Heerden en "Vroue van Vermeer" deur TT Cloete) net vir sekere leerders toeganklik sal wees. Aangesien "ʼn Paternoster vir Suid-Afrika" deur Lina Spies raakpunte met die Bybel en die Christelike geloof toon, asook die feit dat dit deur die lens van ʼn Christin geskryf is, kan nie-Christen-leerders ongemaklik wees tydens die fasilitering van die gedig. Onderwysers sal deeglike navorsing moet doen vir die gedig en sal ʼn sensitiwiteit en neutraliteit moet behou in gesprekke rondom geloofsaspekte tydens die fasilitering van hierdie gedig. "Tsunami" deur Kobus de Wet sluit inhoudelik by ʼn aktuele kwessie (natuurramp) aan waarvan die hedendaagse leerder kennis dra. "dienaar van die nagereg" deur Patrick Petersen sal aan leerders die geleentheid bied om te kan fokus op hulle taalvaardighede – spesifiek hier die lees en skryf van Kaapse Afrikaans.

## 9. Voorstelle vir die keuringsproses van voorgeskrewe gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal

Uit die betoog van hierdie artikel is dit duidelik dat ʼn pasklaar resep om gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaal te keur en voor te skryf nie bestaan nie. Vele aspekte behoort in ag geneem te word, soos dit duidelik blyk uit die literatuurondersoek en KABV-dokumentontleding vir Afrikaans Huistaal, VOO-fase, wat uitgevoer is. Voorts is dit noodsaaklik dat uitgesoekte keurpanele van die Departement van Onderwys voortaan ervare graad 12-Afrikaans Huistaalonderwysers se menings daadwerklik in ag moet neem voordat finaal op ʼn nuutvoorgeskrewe lys gedigte besluit word. Hierdie tweerigtinggesprek tussen die onderwysdepartement en taalonderwysers behoort waardevol te wees vir die onderwysers wat hierdie gedigte moet fasiliteer, maar ook vir die ontwikkeling van leerders se liefde vir die Afrikaans-poësieskat.

Die volgende kriteria vir die keuring van voorgeskrewe gedigte het uit die literatuurstudie en die dokumentontleding van die KABV vir Afrikaans Huistaal vir die VOO-fase (DBO, 2011) na vore gekom en die voorstelle aan ʼn keurpaneel is volgens genoemde kriteria gedoen:

ʼn Verskeidenheid van digters (veral ten opsigte van kanon, kleur en geslag) moet in die voorgeskrewe lys gedigte verteenwoordig word. Sodoende kan leerders ʼn blik kry op die tydsgees waarbinne ouer gedigte geskryf is. Geen diskriminasie kan plaasvind indien daar ʼn gebalanseerde verhouding tussen swart, bruin en wit digters is nie. ʼn Goeie verteenwoordiging tussen vroulike en manlike digters kan ook nuwe perspektiewe tot die gediginhoud verseker.

Leerders behoort aan verskillende digsoorte blootgestel te word. In die voorgeskrewe lys behoort verskillende gedigsoorte opgeneem te vorm, byvoorbeeld Engelse sonnet, Italiaanse

sonnet, ballade, elegie, vrye vers, ode, limeriek, haikoe, parodie, ballade, heldedig, villanelle, idille en satiriese gedig.

Alhoewel Standaardafrikaans grootliks in die skool- en klaskameromgewing gebesig word, is dit belangrik om leerders bloot te stel aan die variëteite om die multikulturele samelewing van Suid-Afrika beter uit te beeld. Verskillende taalvariëteite moet in die keuse van voorgeskrewe gedigte in ag geneem word veral om taaldiversiteit en inklusiwiteit, soos dit in die beginsels van die KABV uitgestip word, te akkommodeer. Om hierdie rede behoort Kaapse Afrikaans of Oranjerivierafrikaans meer aandag te geniet.

Alhoewel dit steeds belangrik is om ou gedigte te bestudeer, moet leerders ook blootgestel word aan gedigte wat te doen het met aktuele gebeure. Daar moet ŉ balans wees tussen oud en nuut. Dit is noodsaaklik dat leerlinge bewus gemaak moet word van verskeie perspektiewe en leer hoe om akkommoderend teenoor andere te wees. Daarom is dit belangrik dat ŉ verskeidenheid van temas en boodskappe, wat by die leefwêreld van graad 12-leerders aansluit, in gediginhoude weerspieël word. Die gediginhoud moet onderwysgeleenthede vir alle leerders bied; leerders moet aktief en krities betrokke kan wees tydens die ontleding van gedigte; daar behoort progressie van gediginhoud te wees deur die afwisseling tussen toeganklikere en meer uitdagende gedigte; en voorts moet erkenning verleen word aan menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid; asook erkenning aan inheemse kennissisteme. Poësie-onderrig moet die emosionele intelligensie van leerders slyp.

Aangesien poësie-onderrig noodsaaklik is vir taalaanleer en -verryking, is dit belangrik dat die literêre waarde en standaard van gedigte van kwaliteit getuig. Dit is nie alleen nodig om die voorgeskrewe lys gedigte met graad 12-Afrikaans Huistaalleerders te fasiliteer nie, maar ook dat die taalonderwyser moet toesien dat leerders blootgestel word aan ander gedigte. Die lees van ŉ verskeidenheid gedigte verbreed leerders se kennis vir poësie.

Die selfgerigtheidsbevordering van taalonderwysers word bepleit. Die rol van die ervare taalonderwyser word in die keuringsproses van nuutvoorgeskrewe gedigte beklemtoon. Taalonderwysers se ingeligte menings ten opsigte van die keuring van gedigte as voorgeskrewe werke behoort met behulp van meningspeilings ingewin word. Hierdie menings van ervare taalonderwysers behoort ingewin te word, aangesien hulle die rolspelers is wat die leerders die beste ken.

Dit is belangrik om al die leerders in ag te neem; veral wanneer die ideaal is dat hulle selfgerig hierdie tekste moet kan lees, dit kan begryp en dit kan geniet. As leerders nie ŉ verbintenis tussen gedigte en die regte lewe kan maak nie, gaan hulle nooit die Afrikaanse poësieskat kan waardeer en bemeester nie.

## 10. Samevatting

Die keuse van gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaalleerders bly ŉ probleem waarvoor geen pasklaar oplossing bestaan nie. Tog behoort kriteria saamgestel te word om die keuring en voorskryf van gedigte te vergemaklik. Die goedgekeurde keurpanele deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en ervare taalonderwysers behoort saam te span om hierdie probleem so goed as moontlik, in belang van graad 12-Afrikaans Huistaalleerders, op te los. In die artikel word enkele kriteria voorgestel wat as wegspringplek vir keurpanele kan dien om gedigte vir graad 12-Afrikaans Huistaalleerders met omsigtigheid te keur en voor te skryf.

## Bronnelys

Afrikaans moet nie vervreem nie. 2020. *Eikestadnuus*, 5 Nov. https://www.netwerk24.com/netwerk24/za/eikestadnuus/nuus/afrikaans-moet-nie-vervreem-nie-20201104-2

Amardien, F. 2023. Afrikaans Huistaal se voorgeskrewe gedigte vir matrieks: Dewald Koen se mening. *LitNet Akademies, SA Skoleseminaar*. https://www.litnet.co.za/afrikaans-huistaal-se-voorgeskrewe-gedigte-vir-matrieks-faeed-amardien-se-mening/

Blignaut, J. & Lesch, H. 2014. ’n Ondersoek na die taalgebruik in die Son as verteenwoordigend van Kaaps. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 45(1): 19-41. https://doi.org/10.5842/45-0-628

Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans* (Vyfde uitgawe). Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. & Bosman N. (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (pp. 29-62). Pretoria: Van Schaik,

Collie, J. & Slater, S. 1990. *Literature in the language classroom: A resource book of ideas and activities*. Cambridge: Cambridge University Press.

Conradie, J. & Groenewald G. 2017. Die ontstaan en vestiging van Afrikaans. In Carstens, W.A.M. & Bosman N. (reds.) *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (pp. 29-62). Pretoria: Van Schaik,.

Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011. *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring, Verdere Onderwys- en Opleidingsfase, graad 10 tot 12, Afrikaans Huistaal*. Pretoria: Staatsdrukker.

Du Toit-Brits, C. 2018. Die onderwyser as beoefenaar en bemiddelaar van selfgerigte leer. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 58(2): 377-385. https://doi.org/10.17159/2224-7912/2018/v58n2a11

Gibbons, M. 2002. *The self-directed learning handbook: Challenging adolescent students to excel*. San Francisco: John Wiley.

Hendricks, F. 2012. Die potensiële nut van ’n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. In Prah, K.K. (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming* (CASSAS book series. no. 88, pp. 44-63). Centre of Advanced Studies of African Studies.

Hendricks, F. 2016. Die aard en konteks van Kaaps: ’n Hedendaagse, verledetydse en toekomsperspektief. In Hendricks, F. & Dyers C. (reds.). *Kaaps in fokus* (pp. 1-36). Stellenbosch: Sun Media.

Hendricks, F. & Dyers C. (reds.). 2016. *Kaaps in fokus*. Stellenbosch: Sun Media.

Jakobson, R. 1960. Linguistics and poetics. In Sebeok, T. (Ed.), *Style in language* (pp. 350-377). Cambridge: Massachusetts Institute of Technology Press.

Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. 2015. *Navorsing: ŉ gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik.

Kingma, B.R. 2000. Die pastorale begeleiding van universiteitstudente in hulle dienswerk as Christene. Ongepubliseerde Th.M.-verhandeling, PU vir CHO.

Koen, D. 2023. Afrikaans Huistaal se voorgeskrewe gedigte vir matrieks: Dewald Koen se mening. *LitNet Akademies, SA Skoleseminaar*. https://www.litnet.co.za/afrikaans-huistaal-se-voorgeskrewe-gedigte-vir-matrieks-dewald-koen-se-mening/

Knowles, M.S. 1975. *Self-directed learning: A guide for learners and teachers*. Chicago: Association Press.

Louw, D.A. & Louw, A.E. 2014. *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent* (2de uitgawe). Bloemfontein: Psychology Publications.

Luther, J. 2018. *Opdrag 6: Die bevordering van lees en literêre vaardigheid prikkel leerders om lesers te word en lesers te bly* [Blog]. https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/438-opdrag-lees

Maree, K. (Ed.) 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

McGlynn, A.P. 2005. Teaching Millennials, our newest cultural cohort. *Education Digest: Essential Readings Condensed for Quick Review* 71(4): 12–6. https://www.researchgate.net/publication/234632385_Teaching_Millennials_Our_Newest_Cultural_Cohort

Nieuwenhuis, J. 2007. Introducing qualitative research. In: Maree K. (Ed.) *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Otto-Sallies, Z. 1997. *Diekie vannie Bo-Kaap*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Pedro, M. & Van der Merwe, M. 2020. ŉ Kritiese blik op 21ste-eeuse onderrig en leer deur ŉ onderwyser- en leerderbril. *LitNet Akademies* 17(1): 440-472. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/04/LitNet_Akademies_17-1_Pedro_vdMerwe_440-472.pdf

Petersen, N. 2018. Selfgerigte leer: Die ervarings en menings van lewenswetenskappe-onderwysstudente tydens die gebruik van werkkaarte in ŉ koöperatiewe onderrig-leer-omgewing. *LitNet Akademies*, 15(3):1119-11142. https://www.litnet.co.za/selfgerigte-leer-die-ervarings-en-menings-van-lewenswetenskappe-onderwysstudente-tydens-die-gebruik-van-werkkaarte-in-n-kooperatiewe-onderrig-leer-omgewing/

Rothman, A. 2016. *Die gebruik van letterkunde vir die onderrig en leer van Afrikaans as eerste addisionele taal op skool binne 'n taakgebaseerde benadering*. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch. http://hdl.handle.net/10019.1/98531

Scholtz, P. & Vorster, E. 2015. *Verse in my inboks: ŉ Poësie-handleiding vir Afrikaans Huistaal, Graad 12*. Suid-Afrika: Vivlia Uitgewers.

Schultz, A. & Le Cordeur, M. 2019. Die onderrig van letterkunde in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase binne die raamwerk van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):545-561. https://doi.org/10.17159/2224-7912/2019/v59n4a6

Sebeok, T. (Ed.). 1960. *Style in language*. Cambridge, MA: M.I.T. Press.

Small, A. 1983. *Krismis van Map Jacobs*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Steyn, P. 2023. *Matriek-gedigte: "Waar is Krog, Crous*?" Rapport, 22 Januarie, p. 8. https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/onderwys/matriek-gedigte-tata-krog-hallo-kritici-20230122

Van Huyssteen, G. & Pilon, S. 2021. Standaardisering as ŉ produk van die tydsgees [Konferensiebydrae]. *Ontlaering* – Geworteldheid*: Die onderrig van Afrikaans in*

*spesifieke ruimtes, Virtual*, 29-30 April. https://gerhard.pro/files/PresentationVanHuyssteenPilon2021.pdf

Van Oort, R. 2022. Samestelling van multimodale reflektiewe leerderportefeuljes in Intermediêre en Senior Fases ter bevordering van selfgerigte leesprosesse. *LitNet Akademies* 19(1): 378-435. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/04/LitNet_Akademies_19-1_14_vanOort_378-435.pdf

Van Rensburg, M.C.J. 1984. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare [Ongepubliseerde verslag aan die RGN].

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In Botha, T.J.R. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde* (pp. 436-467). Pretoria: Academica.

Van Rensburg, M.C.J. 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: JL van Schaik.

Van Rensburg, M.C.J. 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Verhoef, M.M. 1988. *Aspekte van Oranjerivier-Afrikaans in die spontane taalgebruik van blanke boorlinge in Noord-Kaapland*. MA-verhandeling, Potchefstroom: PU vir CHO. http://hdl.handle.net/10394/3812

Vermaak, A. & Nel, M. 2016. *Vlymskerp sukses met verse in my inboks*. Pretoria: Lapa.

Viljoen, Henk. 2023. Voorgeskrewe versbundel vir graad 12-Afrikaans Huistaal. NB-Uitgewers [Kommunikasie per e-pos, 6 Okt., Potchefstroom].

Vos, E. 2014. ’n Leesmotiveringsprofiel van en ’n -raamwerk vir Afrikaanssprekende adolessentelesers. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Vos, E. 2017. Voldoen Onderwêreld deur Fanie Viljoen aan die norme vir ’n voorgeskrewe werk vir graad 12-Afrikaans Huistaal-leerders? *LitNet Akademies*, 14(1): 259-280. https://www.litnet.co.za/voldoen-onderwereld-deur-fanie-viljoen-aan-die-norme-vir-n-geslaagde-voorgeskrewe-werk-vir-graad-12-afrikaans-huistaal-leerders/

Vos, E. & Van Oort, R. 2022. Afrikaans Huistaal-onderwysers se selfgerigte voorbereiding van jeugverhale. *LitNet Akademies* 19(3): 724-759. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/12/LA_j19n3d3_Vos-van-Oort.pdf

## OOR DIE SKRYWERS

### Elize Vos

Noordwes-Universiteit, Soud-Afrika

**Email**: elize.vos@nwu.ac.za **ORCID**: https://orcid.org/0000-0001-8783-9922

Prof. Elize Vos verwerf onderskeidelik haar BA, HOD, BA Hons, MA en PhD aan die Noordwes-Universiteit. Sy is vanaf 2011 ’n dosent en studieleier van voorgraadse en nagraadse studente in die Skool vir Taalonderwys, Fakulteit Opvoedkunde. Van haar artikels verskyn gereeld in geakkrediteerde vaktydskrifte en sy lewer ook referate by nasionale en internasionale konferensies. Haar navorsingsfokus is leesmotivering, selfgerigte lees, kinder- en jeugliteratuur en Afrikaansmetodiek.

### Duncan Ruiters

Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika

**Email**: duncan.ruiters@nwu.ac.za **ORCID**: https://orcid.org/0009-0003-2543-856X

Mnr. Duncan Ruiters verwerf onderskeidelik die kwalifikasies BEd (2014) en BA Honneurs (2016) aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Hy voltooi in 2021 sy MA in Afrikaanse Linguistiek aan die Universiteit van Johannesburg. Hy is tans verbonde aan die Noordwes-Universiteit waar hy verskeie Afrikaanstaalkundemodules vir voor- en nagraadse onderwysstudente aanbied. Duncan se navorsingsbelanstellings sluit onder meer in die toegepaste taalkunde en die sosiolinguistiek in Afrikaans.